*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Partypolitiek is die organisering van 'n deel van die volk teen 'n deel van die volk — dus onderlinge STRYD.*




*'n Volksbeweging is die organisering van die hele volk in belang van die hele volk — dus onderlinge SAMEWERKING.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 7 APRIL 1943. No. 20.

# Eenheidsfront nog net Afhanklik Van Dr. Malan se Bydrae

## Moet Slegs Vyandigheid Staak Teen Ander Republikeinse Groepe

**Genl. J. A. Smith, A.K.G., het die volgende mening in 'n personderhoud uitgespreek na aanleiding van die jongste politieke verwikkelinge:**

Dit is nie die taak van die Ossewabrandwag om 'n verkiesing te voer nie. Dit is 'n party-saak. En wanneer 'n party sodanige taak tot beswil van die volk onderneem, soek hy sy steun binne die geledere van die volk. **Dan knoop hy nie 'n onderlinge stryd met volksgenote aan en volhard daarin nie.**

In die Afrikanervolk is daar om redes wat nie nou hier hoef behandel te word nie, vier verskillende groepe, **almal eens op die twee lewensbelangrike punte, nl. die Smutsbewind te beveg en die volk onafhanklik en vry te kry.**

Drie van die vier nasionaal- en republikeinsgesinde groepe, nl. die H.N. Party, die Afrikanerparty en die Nuwe Orde-groep, het die strydmiddel hoofsaaklik in die voering van verkiesings en wat laasgenoemde betref, in parlementêre aksie gesoek.

Die Ossewabrandwag, hoewel hy oortuig is dat die strydterrein verskuif is, nl. na die volksterrein buite die parlement, het hom nietemin bereid verklaar om daardie groepe in hul parlementêre stryd, nl. die verkiesing, te help ten einde die Smutsbewind ook op daardie Empire-terrein te probeer verslaan.

**Om dit te kan doen, moet daar dan ook by die verkiesing eendragtelike optrede wees. Eendragtelike optrede is op daardie terrein egter meer onmoontlik as die groepe hul mede-republikeine beveg.**

Daarom het die Grootraad die aanbod aan die drie ander nasionaal-republikeinse parlementêre groepe gedoen, nl. dat as hulle onderling ooreenkom om 'n gesamentlike verkiesingsfront te vorm **en die stryd teen die ander republikeinse groepe staak,** die Ossewabrandwag sy volle gewig ten behoewe van die kandidate, wat nie hul vyand in hul mede-republikeine soek, soos tothiertoe nog die geval was, sou inwerp.

Hierdie aanbod is slegs aanvaar deur twee van die groepe, nl. die Afrikanerparty en die Nuwe Orde.

Intussen egter het die Pirow-groep (Nuwe Orde) as 'n onafhanklike parlementêre groep van die verkiesingstoneel verdwyn. Die rede wat hy vir hierdie besluit aanvoer, is dat dit sy bydrae is tot die verkryging van volkseenheid.

**As dit 'n bydrae van die aard mag wees,** (want die onmiddellike toekoms sal dit nog moet bewys deur die gedragslyn wat die H.N. Party na aanleiding daarvan moet openbaar) **rus nou des te swaarder die verantwoordelikheid op die skouers van die leier van die H.N. Party, dr. Malan,** om daardie eenheid van optrede vir die verkiesing te bewerkstellig.

**Hy is nog die enigste wat nie saam met die ander die onderlinge stryd wil staak nie.** Hy moet nou sê, soos dr. Van Rensburg, mnr. Havenga en adv. Pirow reeds gesê het, dat hulle die onderlinge vrede verkies om saam te kan stry teen die Smutsbewind en sodoende die verenigde stemkrag te verseker.

Smuts is die vyand van al vier die groepe van die republikeinsgesinde Afrikanerdom, nl. die H.N. Party, die Afrikanerparty, die Nuwe Orde en die Ossewabrandwag. Dr. Malan is op sy beurt vyandig teenoor twee van hulle, nl. die Afrikanerparty en die Ossewabrandwag (omdat hy nie vyand van homself kan wees nie en die Pirow-groep intussen verdwyn het).

**Deur egter kandidate te stel wat net sulke onverbiddelike haters, vervolgers en vyande van die Ossewabrandwag en ander mede-republikeine is as Smuts, is hy ook vyand van die eenheid van die republikeinsgesinde Afrikaners, net soos Smuts, en dus vyand van die doel wat hy voorgee te beoog. Hy en hy alleen bly nog verantwoordelik vir die gebrek aan eendragtelike optrede binne Afrikanergeledere.**

Maar ook adv. Pirow en sy groep het nou deur hul koukusbesluit groter verantwoordelikheid aanvaar, deur diegene wat sy leiding vir die toekoms van ons volk in sover dit die strewe na volkseenheid betref, vertrou het, te onderwerp aan die verkiesingsbeleid van die enigste oorblywende onderlingstrydvoerende partygroep binne republikeinsgesinde geledere, nl. die Malangroep van wie alleen nou die stap tot eenheid afhanklik is. Onvoorwaardelik, sonder enige voorbehoud vir die herstel van eenheid, of 'n eis of versoek dat alle kandidate eenheid en nie tweedrag moet nastrewe nie, het hy opsy gaan staan en aan dr. Malan die beskikking oorgelaat!

Die hele Afrikanerdom kyk nou net na dr. Malan vir 'n volksaanneemlike skikking en stel aan hom die vraag: Wat gaan ú nou doen om samewerking en daardie verlangde eenheid van optrede te verkry? Wil u nog voortgaan nou dat u alleen die verantwoordelikheid van 'n onderlinge stryd in volksgeledere dra, met u weiering van die aangebode samewerking, of gaan u die stryd teen u volksgenote staak om sodoende die klug van die verkiesing minder ooglopend vir die wêreld te maak?

Die aanbod van die Ossewabrandwag en die Afrikanerparty, nl. maak vrede as u iets vir u volk wil doen, staan nog, **want die kiesers buite u partykring, teen wie u veg, kan nie een vyand vir 'n ander ewe onverbiddelik by die stembus verruil nie.**

## UITWERKING VAN VOLK SE „ENIGSTE WAPEN”

„Nog in die roes van sy rondomtalies van gister, het veldm. Smuts vandag sy toere in die Senaat voortgesit **en die blou-eedvoorstel deurgevoer.** Met die sekerheid dat hy tog oor 'n gedienstige meerderheid beskik, **het hy nie juis oor oortuiging gepeuter nie.”**—Die Burger, 6 Feb., oor die uitwerking van al die Opposisie se pleidooie om te verhoed dat Afrikanerseuns oor see gestuur word.

En vir die behoud van hierdie praatwapen moet die republikeinse Ossewabrandwag vernietig word!

# Meer as £30,000 in 14 Maande Ingesamel vir Ge-interneerdes

## Ossewabrandwag se Donderende Antwoord op Kleinerende Aantygings

Deur die ywer en offervaardigheid waarmee lede van die Ossewabrandwag besiel is, is *Die O.B.* in staat om hierdie week aan te kondig dat die O.B.-Noodhulpfonds in belang van geïnterneerde Afrikaners tans, na veertien maande, die bedrag van £30,000 met enige honderde ponde oorskry. (Hierby is nie ingesluit die £14,000 wat op 8 Augustus ter stywing van die organisasiefondse ingesamel is nie.)

Tot hierdie bedrag het Transvaal bygedra £16,474, Kaapland (saam met die Schoemanfonds) £8,130, en Vrystaat £5,559. Natal se bydrae is nie hierby ingesluit nie, maar onlangs is aangekondig dat hierdie Provinsie meer as £50 per maand bestee aan noodleniging in eie kring.

Hierdie pragtige daad is temeer merkwaardig as in aanmerking geneem word dat dit gedoen is net deur 'n deel van die Afrikanervolk, en wel nog 'n deel wat deur sekere volksleiers bestempel is as maar net 'n geraamte, ja selfs net 'n kopbeen van wat dit voorheen was. **Dit is gedoen sonder die mag van 'n dagbladpers, maar dit is gedoen in die gees van die Ossewabrandwag: „Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm; ek sal my mede-Afrikaner nooit in die stryd verlaat nie”.**

Veertien maande gelede, toe met hierdie fonds begin is, het Die Burger 'n beroep op ondersteuners van die H.N.P. gedoen om die geïnterneerdes te help deur middel van 'n fonds wat met £100 van dr. Malan geopen is. Die blad het toe verklaar dat dit eintlik die werk van die Ossewabrandwag was, maar „vandat die verkeerde koers van sy hoofleiding daardie organisasie **gebreek** het, **is dit nie meer die geval nie.** Onlangs het adv. Jerling dan ook aangekondig dat die fonds vir hulp aan die afhanklikes van geïnterneerdes feitlik uitgeput is. Daar was volgens hom nog slegs £120 op hande. **In sulke omstandighede moet 'n ander plan gemaak word. In elke Provinsie sal trustees aangewys word om alle bydraes te ontvang en dit te bestee.”** Aldus Die Burger op 22 Januarie 1942.

Wat van die trustees geword het, weet ons nie. In elk geval bly die volk hulle dankbaar vir wat hulle gedoen het, hoeveel dit ook al mag wees. **Maar een ding staan vas, en dit is dat die Ossewabrandwag 'n antwoord gegee het wat soos donder slaan op die beskuldigings wat hom teen die hoof van mede-Afrikanerkant geslinger is. Hy het getoon dat hy in hom die daadkrag en geesdrif van die Afrikanerdom beliggaam en deur die offervaardigheid van sy lede het hy getoon dat hy die enigste organisasie is wat die vleuels van beskerming oor 'n verdrukte volk kan uitsprei, ondanks voorspellings dat hy dit nie kan doen nie.**

**Net so sal hy ook nog toon dat hy die vryheid van die Afrikanerdom kan bring ondanks die bewerings van dieselfde „profete” dat hy dit nie kan doen nie, en trots hul aanspraak dat daardie party wat „'n ander plan” met die geïnterneerdes probeer het, die enigste wapen van die Afrikanerdom is!**

## TEEN WIE VEG HULLE?

Die H.N.P.-blaaie plaas toesprake van Imperialiste soos Churchill en Smuts, en van kommuniste soos Stalin en Suid-Afrikaanse naturelle, **maar hulle weier om 'n toespraak van die Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag te plaas,** selfs al woon hul verslaggewer die vergadering by.

**Teen wie veg hierdie politici dan** — teen die **Rooi-kombinasie** van die Empire en Rusland of teen die **republikeinse** Ossewabrandwag?

## Dr. STEYN BEGENADIG NOG 'N KLEURLING

### Tronkstraf vir Aanranding Op Konstabel Opgehef

Die Minister van Justisie gaan nog steeds voort met sy beleid van begunstiging in verband met die toepassing van die reg. Hoewel hy op 19 Januarie in die parlement verklaar het dat hy weier om hom in te meng in die regterlike diskresie van amptenare, toe hom 'n vraag gestel is in verband met die opgeskorte vonnis van 'n buitelandse soldaat wat gemeenskap met 'n meid gehad het, het hy nou weer die vonnis van 'n magistraat ten bate van 'n kleurlingsoldaat opsy gestoot. **Die betrokke kleurling is op 13 Februarie skuldig bevind aan aanranding op 'n blanke konstabel en is tot 10 dae tronkstraf sonder keuse van boete — soos deur die regulasies vereis — veroordeel. Nou het die Minister van Justisie die tronkstraf kwytgeskeld deur 'n keuse van £1 boete toe te laat.**




*HET U AL BESTEL?*

*Indien nie,*
*doen dit tog dadelik!*
*MÔRE MAG TE LAAT WEES*

**GENERAAL**
**J. B. M. HERTZOG**

***'n Lewensgeskiedenis***

deur

**C. M. van den HEEVER**

★

Verskyn Eersdaags

★

**Die boek beslaan ongeveer 900 bladsye met seldsame fotos op kunspapier. U sien hom as seun, as student, as regter, as politikus, as leier, as Eerste Minister, as mens — en dan as banneling in sy eie land!**

**HIER IS 'N BOEK WAT ELKEEN MOET BESIT**

**Prys £1-2-6.**

EN POSGELD 1/6

**Weens die oorlogsomstandighede kan ALLEEN kontantbestellings in aanmerking geneem word. Gereed teen die helfte van 1943 MAAR bestel nou.**

**DIE OPLAAG IS BEPERK**

**AFRIKAANSE PERS BEPERK**

**Posbus 845. Johannesburg.**


## KOMMUNISTIESE PARTY STEL KANDIDATE

### Floreer onder Beskerming Van Smuts-Bewind

Op 'n vergadering in Kaapstad verlede week het die Kommunistiese Party by monde van adv. Harry Snitcher te kenne gegee dat hy in die aanstaande verkiesing sy eie kandidate in 'n aantal kiesafdelings gaan stel o.a. in Soutrivier teen adv. Harry Lawrence, Minister van Binnelandse Sake.

Die Kommunistiese Party ag hom dus nou so sterk dat hy vir die eerste keer in ons geskiedenis as 'n amptelike party aan 'n verkiesing gaan deelneem. In baie ander lande is die kommunistiese beweging heeltemal verbied omdat dit 'n vyfdekolonne van Moskou is, maar onder die beskermende vleuels van die huidige bewind het hierdie uitlandse bende aangewas tot 'n eleksievermoënde mag. Onder die Britse partystelsel word die moontlikheid verder daargestel dat ons land 'n Kommunistiese Party aan bewind kan kry, wat sal beteken dat hy regstreeks van uit Moskou bestuur word. Soiets laat die partystelsel toe, maar 'n volksbeweging wat uit ons volk en bodem groei, dit laat die partystelsel nie toe nie!

## O.B. STEEDS STERKER OP WOLMARANSSTAD

WOLMARANSSTAD.—Op Saterdagaand, 27 Februarie, is Amajoeba-fees gevier deur die kommando's, vroue en mans, wat sorteer onder komdte. Vivier en komdt. A. Kellerman, op die plaas „Uitkyk" van mnr. Jan Scholtz.

Vroeg die middag is 'n ossewa met Brandwagte van die dorp weg na Uitkyk. Naby die plaas het 'n paar dame-offisiere die tou voor geneem en onder luide toejuiging het die wa onder aanvoering van Brandwag Van Zyl die werf van die plaas genader en langs die ou boerewoning uitgespan.

Daar was 'n pragtige opkoms en uitbundige geesdrif. Die verrigtinge was gelei deur hoofkomdt. A. Kellerman en die godsdienstige deel deur mnr. Hans Nel. Ook was die aand teenwoordig 'n mnr. Van Rensburg, broer van die Siener van Rensburg en vader van Brandwag A. C. Terblanche. Die oubaas en drie Terblanche-kindertjies het dan ook die aanwesiges vergas op 'n pragtige gewyde lied.

'n Mooi bedraggie is gekollekteer vir die Noodhulpfonds en die vroue het heerlike koffie verkoop vir fondse vir die plaaslike kommando.

**Op O.B.-gebied is daar hier 'n herlewing te bespeur en nuwe lede sluit steeds aan. Almal is bewus van die feit dat ons heil alleenlik in die Volksbeweging is.**—(Korr.)


## KORRESPONDENSIEKURSUS

**AFRIKANERS LUISTER HIER!** — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.


## 73 BEDANK UIT H.N.P.

'n Lys van 73 name is uit Petrus Steyn aan Die Vaderland gestuur met bygaande verklaring:

„Ons die ondergetekende lede van die H.N.P. van Petrus Steyn en omgewing wens hiermee te bedank as lede van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty en wel om die volgende redes:

„1. Ons protesteer teen die volksverdelende optrede en verdagmakery teen mede-Afrikaners, en ander Afrikanerorganisasies.

„2. Ons protesteer teen die botweg weiering van H.N.P.-leiers tot enige samespreking wat bedoel is om 'n beter verhouding tussen Afrikaner-organisasies te bewerkstellig.

3. Ons protesteer teen die alleenreg wat die party — as groep — hom toeeien om die enigste vyand van die Empire te wees, en die beskuldiging dat alle ander Afrikanerorganisasies in die hand van die Regering werk."

*ONDERSTEUN ONS BLAD*


**VOLKSKAS**

GEE: 3½% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

2½% Rente op Beleggingssertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekeninge.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**
(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:
**Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA.**

ARBEIDSAAMHEID

Die Volk se Bank.

*Ten spyte* van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

**Damesuitrusting**

by

*Steyns*

**PAROW**

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

STABILIS ¿Ja, laat

*STABILIS AGENTSKAPPE EN BELEGGINGSMPY.*

U help in verband met:—

- **KOOP EN VERKOOP** van Plase, Besighede, Vaste Eiendomme in Stad en Dorp.
- **GELDBELEGGINGS:** Op verbande, of in aandele in die handel en nywerheid, teen hoogste koerse.
- **LENINGS:** Op Plaas- en Stads- of Dorps-eiendomme; Private lenings ens. teen laagste rente. Ook Verbandlenings.
- **INKOMSTEBELASTINGSTATE** word opgestel deur 'n deskundige op die staf.
- **ALLE KLASSE VERSEKERING** word onderneem.
- **AS HANDELSADVISEURS** kan ons u inlig insake stigting, oorname en aankoop van besighede, voorraadprobleme ens.
- **AFSLAERSWERK:** Ons onderneem verkoop van vaste eiendomme, huisraad en gereedskap ens. per publieke veiling.
- **ONS IS AGENTE** vir die Helpmekaar Kollege. Doen u inskrywings hier.

*U Eie Afrikanerbesigheid!! — Ondersteun dit!!*

POSBUS: 1527. FOON: 3-0764.

**BURGSTRAAT 53 KAAPSTAD**

116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**
**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**
**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
Posbus 660 — Johannesburg

GENIET u eie vrugte. Pluk dit van Herholdt se beroemde **VRUGTEBOME;** vroeg en laat soorte. Beantwoord in alle dele van die UNIE sowel as elders. Sierbome, Struike, Rose, ens. Bestel nou en voorkom teleurstelling!! Katalogus gratis.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

## GETROUE STRYDER HEEN

### Genl. H. J. Kritzinger op Joubertina Bygelê

Oom Basie Kritzinger is nie meer . . . Hierdie wrede werklikheid kan maar nie besef word nie. In die vroeë ure van Donderdag, 18 Maart 1943 het hy stil ontslaap aan die woning van sy siek weduwee-moeder op Joubertina, in die ouderdom van 54 jaar, nadat hy 'n maand lank ernstig siek was.

Ds. Malan van Karreedouw, wat volgens die wens van die oorledene die lykrede waargeneem het, het gesê dat in sy teenwoordigheid altyd gevoel is: hier is 'n man van wie invloed uitgaan en wat leiding kan gee.

Ds. C. H. Stulting van Humansdorp, wat die oorledene vir meer as dertig jaar van naby geken het, het ook die woord gevoer. Van hom kan gesê word, dat hy getrou was, het hy verklaar. Hom is seker toegeroep: „Goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou gewees, oor veel sal jy gestel word." Hy was getrou aan sy **God**, sy **volk**, sy **Vaderland** en sy oortuiging. „Ek het gevoel: met hom, soos 'n rots aan my sy, sou ek staan en deurdruk om te voltooi wat gedoen moes word. Uiterlik is sy heengaan 'n verlies vir sy God, sy Kerk, sy Volk en sy Land."

Die plaaslike leraar, ds. Celliers wat die laaste drie uur van die oorledene se lewe saam met hom was, het ook die nabestaandes bemoedigend vertroos, waarna ds. Jodaan van Karreedouw met 'n gebed afgesluit het.

SY LEWE

Wyle genl. H. J. Kritzinger het 'n leidende aandeel geneem in die samelewing van Humansdorp-distrik. Baie jare het hy Karreedouw-gemeente gedien as kerkraadslid. By sy heengaan was hy nog lid van die Karreedouw-Ambagskoolkommissie. Hy het sy omgewing gedien as posmeester en vrederegter. Vir ongeveer twintig jaar was hy aan die hoof van die skietvereniging, sedert die ontstaan daarvan as privaat onderneming. Nadat hy van Kommandant tot Majoor bevorder is, was hy o.a. in bevel van die Eeufeestrein van Port Elizabeth na Pretoria (1938), toe hulle teen die sin van die Stasiemeester van Springfontein daar eers 'n kort diens gehou het, voordat die trein kon voortgaan.

**In 1939 is Maj. Kritzinger bevorder tot Luit.-Kolonel, maar na die uitbreek van die huidige oorlog, het hy met vaste oortuiging geweier om 'n 60-dae kursus te deurloop met £2 per dag as loon of toelaag, as hy ook die eed op die agterkant van die voorgelegde vorm sou teken.** Gevolglik kon hy nie weer as offisier aangestel word nie . . . omdat hy die „ouderdomsgrens" sou bereik binne die eersvolgende dienstydperk!

Op 8 Julie 1940 het die Ossewabrandwag, wat soos 'n veldbrand oor die Unie versprei het, ook Karreedouw bereik. Sedertdien het die oorledene die rang van Hoofkommandant gehou. Hy het die organisasie sien groei tot die magtigste Volksbeweging wat die Afrikanerdom geken het.

Na die ernstige, dringende beroep en versoek van die volksleier, dr. Malan, van Oktober 1941, het die H.N.P.-tak, waarvan h./komdt. Kritzinger wyksleier was, in die middel deur geskeur, waarna 'n nuwe tak gestig moes word. Met koersvaste oortuiging het hy getrou gebly aan die eed teenoor sy mede-Afrikaners, dat hy hulle nooit sou verlaat in die stryd of aan die vreemdeling en vyand uitlewer nie.

Gevolglik had hoofgenl. Vorster, voordat hy sonder aanklag in die Port Elizabethse tronk gestop is, die vrymoedigheid om h./komdt. Kritzinger aan te beveel as Generaal in die plek van genl. De Wet, wat deur die Nasionale Pers, Bpk., Port Elizabeth, in die pad gesteek is. Die aanbeveling is goedgekeur en die oorledene het as getroue O.B.-offisier die rang van Generaal beklee tot by sy heengaan.

Ongeveer 500 mense het die begrafnis bygewoon en omtrent 100 telegramme en 60 kranse is ontvang.—(Meegedeel.)


W. VOIGT BPK.,
HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*
*Kelder en Besproeiings Masjinerie,*
*Sleepwaens,*
*Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.
Posbus 10, Hugenoot.

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre-Mark
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 5-0213.

SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.
DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.
V.M.K. Klubbediening Sluit die volgende in:
Gratis sleepdiens. Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies. V.M.K. aanbevole garages, hotelle, loseshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag. Snelle afleweringsdiens. Padverslae, Pad- en roetekaarte. 'n Unieke motorkenteken.
Volle Besonderhede van:—
DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

STERK SKAKELS . . .



*maak 'n sterk ketting!*
Net so bou versorgde, selfstandige huisgesinne 'n selfstandige, selfversorgende volk en land.
★
Die werklik versorgde huisgesin is die een met 'n Sanlam-Polis
SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR. WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

*Maak Kennis met die*
Nuwe Volkspele
Opgestel deur Hester Morrison
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur
M. L. de Villiers
Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."
*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*
Prys 4/3 posvry
Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

Voeg DIE DAAD by DIE WOORD
Rook Patriot

Foon 62 Posbus 53
HEILBRON
OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat
BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.
Die MODERNEWINKEL

£1000 vir u Oë
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
DUWAS
*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
Die Voortrekker-Apteek
KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (BUS 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (BUS 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

VAN ZYLS
HOOFSTRAAT PAARL
MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS
*Besoek ons Snyersafdeling*
VERSKEIDENHEID
BAAIBROEKE, SOMERPAKKE EN MANSUITRUSTING
GROOT VERSKEIDENHEID RAKETTE IN VOORRAAD
HERSNARING VAN RAKETTE £1-12-6 — BESTE SNARE
SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.
OOK OP — — — PORTERVILLE

DIE O.B., WOENSDAG, 7 APR. 1943.

# Sleutel tot Eenheid In dr. Malan se Hand

Met die besluit van die Nuwe Ordegroep verlede week in Kaapstad om geen kandidate in enige hoedanigheid in 'n verkiesing te stel nie, het een van die politieke groepe uit die verkiesingsarena verdwyn. Hierdie mense gaan voortaan hul kragte **onvoorwaardelik** in die stryd teen Smuts en die kommunisme werp. **Dit beteken dat hulle nie sal vra na die gesindheid van 'n kandidaat teenoor sy mede-republikeine in ander groepe nie. Of hy sulke republikeine meer vyandiggesind is as die Empire, sal by hulle, volgens hul besluit, geen oorweging wees nie.**

As 'n party net uit kandidate bestaan het en as in 'n verkiesing die kandidaat die enigste faktor van belang was, kan hierdie besluit van die Nuwe Orde 'n kragtige bydrae tot volkseenheid gewees het, want dan was daar 'n twintigtal kandidate minder in die veld en dienooreenkomstig minder stryd in Afrikanergeledere. Ongelukkig egter bestaan 'n verkiesing nie net uit kandidaatstellery nie — **dit bestaan hoofsaaklik uit die uitbring van stemme deur die kiesers.** Om 'n kandidaat te stel wat nie die steun van die meerderheid van kiesers in daardie kiesafdeling op hom kan trek nie, hetsy deur sy onbekwaamheid of ongewildheid, beteken vir die saak waarvoor hy staan 'n ronde nul, want 'n kandidaat kan slegs wen of verloor en as hy nie die meerderheid van die stemme kry nie, verloor hy.

In gewone omstandighede doen 'n party baie, ja dikwels te veel om stemme vir sy kandidate te werf. Groot beginsels soos die vraagstuk van vryheid is al prys gegee tydens 'n verkiesing **net om die stemme te werf van mense wat nie republikeinsgesind is nie.** So het die Nasionale Party in 1920 'n manifes uitgevaardig met die oog op arbeider-stemme wat as volg lui: „die Party het die reg om, sonder die minste afstand te doen van haar strewing na vryheid, **te sê dat sy die kwessie nie by die eerskomende eleksies tot stemming wens te bring nie . . . Sy gaan by hierdie eleksies geen beroep doen op die volk vir magtiging tot 'n republiek nie."** En dit nadat die Party die vorige jaar 'n republikeinse afvaardiging na Europa gestuur het! **Soveel waarde word aan die gesindheid van die kiesers geheg dat 'n party sy vernaamste beginsel kan prysgee net om die oorwinning te behaal.**

Waar nou lede van die Ossewabrandwag die deurslaggewende faktor in die verkiesing gaan wees, **hoe kan 'n party wat opreg 'n oorwinning begeer kandidate gaan stel wat vooraf moet onderneem dat hulle die Ossewabrandwag vyandiggesind is?** So 'n party gee die belangrikste beginsel van die partystelsel prys. Daarom sê die Ossewabrandwag: Stel kandidate wat hul vyand in die **Empire** soek en **nie** in hul mede-republikeine nie, **stel kandidate wat aanneemlik is vir al die republikeinsgesinde kiesers, en ons is gewillig om ons volle gewig met organisasie en al in die verkiesing agter jul kandiate te werp sonder om 'n enkele setel vir onsself te vra.**

Ons standpunt is duidelik en logies: Indien julle hoop om iets vir ons volk by die stembus te verkry, **maak dit dan moontlik vir die volk om die beste resultaat uit daardie verkiesing te behaal deur die grootste mate van samewerking.** Ons is bereid om saam te werk sonder om iets te vra vir onsself, dog terwille van die volk en die oorwinning vra ons: gee ons kandidate wie se doel dit is nie om **ons** te beveg nie, maar die Empire!

**Tensy dr. Malan van sy kant nou ook met 'n welwillendheidsgebaar kom, is ons nog nie 'n stap nader aan 'n oplossing nie.** Die Ossewabrandwag het onderneem om geen kandidate te stel nie, en hy eis ook nie dat die H.N.P. O.B.-lede as kandidate moet stel nie. Die Nuwe Orde het onderneem om geen kandidate te stel nie, en ook nie as onafhanklikes te gaan staan nie. **Sal dr. Malan van sy kant ook iets doen in belang van die volk?**

(Vervolg op voet van volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

**Sal hy van sy kant die Ossewabrandwag se aanbod aanvaar deur 'n ooreenkoms te soek met die Afrikanerparty wie se leier uitdruklik te kenne gegee het dat hy vir so 'n ooreenkoms te vinde is, en deur suiwer H.N.P.-kandidate te stel wat hul vyand in die Empire sien en nie in die Ossewabrandwag nie?**

So 'n stap sal tog in belang van die H.N.P. self wees, want dit sal sy kandidate wees wat die oorwinning behaal. Maar weier hy om die kiesers tevrede te stel, **dan verloor hyself en, wat die belangrikste is, dan verloor die volk! Daar is geen beginsel op die spel soos in 1920 nie — daar word slegs welwillendheid gevra teenoor mede-republikeine!**

# Brokkies uit die Buiteland

## Oorlogsfronte in Europa en Afrika

In Europa is dit lente. Die tyd nader dus weer dat die tempo van oorlogvoering versnel en groter beweeglikheid aan die dag gelê sal word. Dit is nou eenmaal so, ondanks alles wat die Russe gedurende die winter presteer het, dat groot veldtogte en groot veldslae in Europa nie in die winter nie maar gedurende die gematiger jaargetye plaasvind. Die onlangse Russiese Winter-offensief en suksesse kan waarskynlik grotendeels daaraan toegeskryf word dat die beste troepe van die Duitsers, volgens Britse berekening is dit 65 divisies, d.w.s. meer as een miljoen man, reeds in winterkwartiere gegaan het en dat die frontlinie gevolglik maar ietwat dun beset was.

### DIE RUSSIESE FRONT

Aan hierdie front heers daar op die oomblik betreklike stilte en rus. Aangesien die ontdooiing die bodem in modder en water omgeskep het, is grootskaalse oorlogsvoering binne die volgende paar maande nie waarskynlik nie al moet daar selfs gedurende hierdie moerassige tydperk met die element van verrassing rekening gehou word. Vandag in elk geval is die geleentheid daar om 'n blik terug te werp op die winter wat verby is.

Dit is oorgenoeg bekend, en daarvoor het Reuter goed gesorg, dat die Bolsjewistiese winteroffensief groot suksesse gehad het. Aansienlike grondgebied en strategies-belangrike stede is terugverower en aan die Spilleërs is harde houe toegedien. Waaroor Reuter egter minder openhartig is, is die feit dat die groot Russiese offensief ook 'n ander kant het. **In die eerste plek is dit vandag duidelik dat die Rooi offensief nie aan die hoë verwagtings voldoen het nie.** Hoe hoog hierdie verwagtings was, daarvan kan elkeen hom oortuig as hy die Reuter-berigte uit die maande Desember en Januarie wil raadpleeg of as hy die oorsese tydskrifte wat met die jongste pos hier aangekom het, wil deurblaai. Hiervolgens is die terugverowering van die Oekraine, die Krim, die Kuban-gebied en groot dele van Wit-Rusland sowel as die afsnyding en daarna die vernietiging van groot Duitse leërs in die onmiddellike vooruitsig gestel. Volgens die propaganda sou die Bolsjewistiese oorwinnings beslissend gewees het en sou die Spilmagte op die rand van 'n ineenstorting gestaan het.

Vandag weet elke denkende mens dat dergelike grootse verwagtings die gevolg van wensdrome was en nie op feite berus het nie. Die vyand is nie alleen nie gebreek nie, maar hy het selfs met 'n verrassende teenaanval belangrike stede en grondgebied terugverower. Die tyd het ook aangebreek dat 'n mens 'n hele boel vrae kan stel omtrent die winterslag wat verby is. In hoeverre het die Winterslag die Russiese en Duitse militêre mag uitgeput? Wie het die meeste reserwes vir die somerslag van hierdie jaar oorgehou? Het die Duitsers sukses gehad met hulle propaganda om die Bolsjewisme as 'n Europese, as 'n wêreldgevaar voor te stel ten einde 'n groot verenigde Europese front teen die Rooi leërs te skep? In hoeverre het nuwe gevestigde belange in die nuwe en veranderde Europa die hande van die Spilmoondhede versterk of verswak? Sal Stalin weer aandring op die stigting van 'n tweede front in Europa of sal hy met die Noord-Afrikaanse veldtog tevrede wees?

### DIE NOORD-AFRIKAANSE FRONT

Aan hierdie front is daar in die jongste tyd weer heelwat bedrywigheid. Dit is veral die Agste Britse leër wat weer op die mars is, hierdie keer by Mareth en Gabes verby in noordelike rigting na die Spil se bruggehoof rondom die sleutelstede Tunis en Bizerta. Dit is onnodig om uit te wei oor die bedrywighede van hierdie Agste Britse leër. Reuter doen dit daagliks. Daar is egter 'n paar aspekte van die Noord-Afrikaanse veldtog wat meer aandag geniet.

Dit is duidelik dat die hele Noord-Afrikaanse veldtog in November 1942 'n radikale wending geneem het toe Britse en Amerikaanse troepe in Frans-Noord-Afrika geland het. Rommel se terugtog uit Egipte na Tunisië kan alleen in die lig van hierdie veranderde posisie begryp word. Nooit het hy ernstig weerstand gebied nie. Selfs die Mareth-linie is slegs met Italiaanse soldate beman, 'n „ominous sign," volgens Britse kommentaar, dat die werklike vegtery op 'n ander plek sal plaasvind.

Die doel van die Geallieerdes is duidelik: Die Spil moet uit Afrika verdryf word en die belangrike deurvaart deur die Middellandse See moet vir die eie skeepvaart diensbaar gestel word. Dit sal vir die Geallieerdes die besparing van miljoene kosbare tonne skeepsruimte beteken as hulle die Middellandse see i.p.v. die „Kaapse draai" hoef te gebruik. As die Spil nou eenmaal uit Afrika verwyder is, dan sal die geleentheid daar wees om die vyand op sy kwesbaarste plek, nl. Italië te slaan en groter offensiewe bedrywigheid aan die Suidkus van die Spil-beheerde Europa aan die dag te lê.

Aan die ander kant lê dit voor die hand dat die Spil sy uiterste sal doen om hierdie planne te verydel. Dit kan aangeneem word dat die Spil hom gedurende die afgelope vier maande diep ingegraaf het in die strategies uiters belangrike bruggehoof om Bizerta. Die vyand het baie voordele soos korter verbindingslinies, sterk eiland-posisies in Sisilië en Sardinië en veral die sterk posisie van Bizerta self. Teen hierdie voordele het die Geallieerdes slegs een wat daarteen kan opweeg nl. dat hulle geen Russiese front het nie. Dit is seker dat in Tunisië nog strome van bloed sal vloei. Niemand minder as Churchill het in hierdie rigting gewaarsku. As die Spil uit Noord-Afrika verdryf word dan sal dit hoofsaaklik aan één oorsaak toegeskryf kan word, en dit is dat hy nie oor genoeg reserwes beskik nie omdat hy in Rusland te veel gebloei het. **In Afrika egter kan g'n allesbeslissende slag gelewer word nie.**

# Vrystaatse Vroue Gaan Leer om Hul Eie Wol te Spin

## Kursus vir alle Kommando's Gereël

**Die Vroue-afdeling van die Ossewabrandwag in die Vrystaat het met 'n baie nuttige en oorspronklike gedagte te voorskyn gekom deur 'n kamp te organiseer waar 'n kursus in die spin van wol gegee sal word.**

In 'n omsendbrief wat deur genl. C. Meyer uitgereik is, word verklaar dat met die oog op die skaarste aan breiwol sal daar geywer word dat elke vroue-kommando in die Vrystaat aandag moet skenk aan die spin van wol. Vir die doel sal daar van 11 tot 19 Mei te Bloemfontein 'n sametrekking gehou word. Verwag word dat die kommandante van elke vrouekommando die kursus sal bywoon en daarna by haar terugkeer die lede in die spin van wol sal onderrig. Indien dit vir haar onmoontlik is om te kom, moet sy 'n ander offisier in haar plek stuur wat vernuftig is in handwerk.

Die kommando's dek self die reiskoste, maar losies sal gratis verskaf word. Elke kommando sal dan 'n spinwiel moet aanskaf, en waar persone spinwiele het, moet hulle dit saambring. Spinwiele is teen £4 stuk verkrygbaar en kan deur middel van die Vrystaatse hoofkwartier bestel word. Elke persoon moet ook twee wolkamme hê wat verkrygbaar is teen 12/6 per paar. Hierdie artikels sal deur die hoofkwartier bewaar word totdat die dames dit daar gaan afhaal.

Daar is 'n fooi van 12/6 per persoon aan die kursus verbonde wat by aankoms betaal moet word. Name van persone sowel as tye van aankoms moet die hoofkwartier bereik voor 24 April.

**Die brief wys daarop dat dit baie nuttig sal wees as die dames hul eie breiwol kan spin. Daar is reeds 'n afsetgebied gevind in geval kommando's hul wol van die hand wil sit. Op hierdie manier kan geld ook ingesamel word met die oog op Fondsdag op 8 Augustus.**

Volgens die program word daar voorsiening gemaak ook vir ander onderrig. So sal daar lesings gehou word deur 'n dokter en oor die vernuwing van hoede. Die werksaamhede begin elke dag met oggendgodsdiens. Die Kommandant-generaal sal ook die kursusgangers toespreek.

*BOERENDE BOERE EN*
*STEDELIKE VERBRUIKERS*

Sluit nader bymekaar aan.... Volkskoper Mark Bpk. lewer reeds maandelank uitstaande dienste in hierdie nuwe gees.
*Stuur u vee en produkte aan u eie bemarkingsorganisasie.* As u ons eenmaal getoets het sal ons u steun blywend verwerf.

**VOLKSKOPER MARK BPK.**

Môremark — Newtown

JOHANNESBURG

Foon 34-1442 — Wolhuterstraat 62

# Minister Erken Kwaadstokery van Kommuniste

Die Regering het onlangs 'n Kleurlingraad in die lewe geroep om te dien as skakel tussen hom en die kleurlinggemeenskap. Van kommunistiese kant is hierteen geweldig te velde getrek en min. H. G. Lawrence, die betrokke Minister, is reeds vir al wat sleg is uitgemaak deur die mense wat kort gelede deur sy kollega, dr. Colin Steyn, in beskerming geneem is. **Min. Lawrence het dan ook verlede week in die parlement erken dat die moeilikheid veroorsaak word deur kommuniste. Woordeliks het die Minister as volg verklaar: „Die mense wat so 'n veldtog teen die Kleurlingraad aan die gang gesit het, bestaan uit 'n klein seksie blankes, Indiërs, naturelle en 'n paar kleurlinge, van wie sommige hulle kommuniste noem . . . Die Regering gaan met die skema deur ten spyte van die lawaaierige besware van 'n ietwat internasionale groep.''**


## Schoemanello-Drank . . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| WYNE: | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| BRANDEWYNE: | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| JENEVER | 7/6 | 6/6 | — |
| LIKEURS: | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| JENEWER LIQEURS: | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

**Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.**

**Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.**

**Bestel van**

**JURGENS SCHOEMAN**

**Posbus 142. Oudtshoorn.**


## DIE OPSTOKERS

In ons vorige uitgawe het ons beklemtoon dat die kommunistiese opstokery een van die belangrikste oorsake is van die oproerige gedrag van kleurlingsoldate. Hierdie mening word gestaaf deur uitlatings van die kommuniste self. So het die Guardian van voorverlede week die wanorde op die troepe-trein toegeskryf aan die „onbillike behandeling van die kleurlinge'' deur die owerheid, en op 'n vergadering verlede week in Kaapstad, het adv. Harry Snitcher, aspirant-kandidaat van die Kommunistiese Party, hom as volg uitgelaat: „Daar is 'n toenemende gevoel van gebelgdheid onder die kleurlingsoldate oor die wyse waarop hulle behandel word.''

Natuurlik laat die Kommuniste geen oomblik verbygaan om die soldate aan hul griewe te herinner nie!

## VERVAL VAN 'N EED

Op 9 September 1939 het ons volk onder leiding van dr. D. F. Malan en wyle genl. J. B. M. Hertzog by Monumentkoppie 'n eed afgelê **om mekaar se hande te neem en dit nooit weer te los nie.**

Op 27 Augustus 1941 het dr. D. F. Malan op Stellenbosch 'n ultimatum aan die Ossewabrandwag gerig om 'n sekere omsendbrief wat 'n republikeinse konsepgrondwet bevat, te herroep omdat dit eiendom van die Party sou wees. Aan die eis is voldoen en die betrokke omsendbrief is teruggeroep deur die Grootraad.

Op 3 Oktober het dr. Malan 'n beroep op alle Afrikaners gedoen **„om vir die O.B. te bedank en hul onverdeelde kragte aan ons party te wy''.**

In dieselfde jaar is 'n eed van getrouheid aan die Party ingevoer wat **„onverdeelde trou aan die Party''** vereis, en die jaar daarop eis dr. Malan van sy kandidate om 'n plegtige verklaring te teken dat hulle **„alle betrekkinge met die Ossewabrandwag verbreek''** voordat hulle goedgekeur kan word.

**Die VOKLSeed van Monumentkoppie is dus VERBREEK en vervang deur 'n PARTY-eed, en die eed van BROEDERSKAP by Monumentkoppie is verbreek en vervang deur 'n eed van VYANDSKAP teen mede-Afrikaners.**

## HOENDER OP VERJAARDAG VERKOOP VIR FONDS

Die vriendskapsentrum van Malmesbury samel fondse in by wyse van gereelde verkopings van allerlei produkte. So is daar onlangs b.v. 'n kissie vrugte wat mnr. Pieter Loubser van Doornkuil gestuur het, vir 13/- verkoop, en 'n hoender wat deur 'n Lombard-seuntjie op sy verjaardag daarheen gebring is, vir 4/- verkoop.

**Ondersteun Ons Adverteerders**


## S. J. KRYNAUW

**Algemene Handelaar en Produkte Koper.**

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste Pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

**H/v NUWE- en GARCIASTRAAT**
**Foon 68 — — Posbus 54**

**BEAUFORT-WES**


## PROF. DU PLESSIS OP STELLENBOSCH

**Prof. L. J. du Plessis en dr. P. J. Meyer spreek op die aand van 20 April 'n O.B.-vergadering op Stellenbosch in die Stadsaal toe.**

## VERJAARDAGKETTING

Die maand het ons darem 'n lekker streep getrek deur op 'n Donderdag te begin! Dit was al 'n week gelede 1 April, en nou eers kan ons die name van ons makkertjies plaas. Omdat ons graag die name in ons koerant wil hê voordat hulle verjaar, sal ons hierdie keer almal plaas wat die eerste twee weke van die maand verjaar. Vooraf wil ons graag 'n paar opmerkings maak. Ons het van baie makkertjies briewe ontvang, waarvoor ons hulle hartlik dank. Ongelukkig kan elke briefie nie persoonlik beantwoord word nie. In plaas daarvan, sal hy of sy 'n verjaardagkaartjie op die dag van sy/haar verjaardag ontvang. Dit sal ons antwoord wees. Sommige makkertjies het vergeet om te sê in watter jaar hulle gebore is. Dit moet ook bykom, want ons wil graag weet presies hoe oud julle is. Julle name met jul geboortedag word in 'n groot boek geskryf, en eendag as julle al groot mense is, kan julle kinders in die boeke kom kyk hoe ywerig hul ouers was. Daar sal darem nog baie water in die see moet loop, nê?

Ons het nooit geweet daar is so baie jeugfronters in die land nie! Van alle kante het ons tientalle briefies en name ontvang, ook uit Transvaal en Vrystaat. Dit toon hoe lewendig die Jeugfront is. Maar uit hul briefies blyk ook hoe fluks die jongspan werk vir die Noodhulpfonds. Omtrent elke makkertjie maak melding van wat hy of sy al vir die makkertjies gedoen het wie se pappies in die tronke sit. Hou so aan!

**Die name:**

**1 April:** Rita C. Wolmarans (Karreedouw); Marian Duneker (Kakamas). **2 April:** Roelie van Eck (Stellenbosch); Niekie van Wyk, (Stellenbosch); Sarie van der Westhuizen (Kaapstad); Chrisna Lombard (Malmesbury); Dan Esterhuyse (Paarl); Louis Roelof Smith (Modder-Oos). **3 April:** Bertie Lotze (Paarl). **4 April:** Kosie Steyn (Stellenbosch); T. B. Kleynhans (Paarl). **5 April:** Stephanus Andries van Emmenis (Potgietersrust). **8 April:** Marie Meyer (George); Mercia Meyer (George); G. C. Oosthuijzen (Stellenbosch); Helene Jonker (Stellenbosch). **11 April:** Hester Johanna Bergh (Aughrabies). **13 April:** Mathys van Eck (Beaufort-Wes).

## H.N.P. IGNOREER AANBOD VAN OSSEWABRANDWAG

### Hou Volgelinge in Duister

In antwoord op 'n vraag by geleentheid van 'n vergadering op Stellenbosch voorverlede Dinsdag het die H.N.P.-kandidaat, dr. Karl Bremer, verklaar dat die H.N.P. bereid is om alle lede van die Nuwe Orde en die Afrikanerparty terug te verwelkom. **Toe hom gevra is om 'n stap verder te gaan en die Ossewabrandwag se aanbod tot samewerking aan te neem, het dr. Bremer geantwoord dat hy liewer nie op die saak wil ingaan nie.**

Die antwoord van dr. Bremer is natuurlik ook 'n antwoord op die vraag van die Ossewabrandwag as 'n geheel **waarom die H.N.P.-blaaie geweier het om 'n berig te plaas van dr. Van Rensburg se aanbod tot samewerking hoewel hulle 'n verteenwoordiger op sy vergadering gehad het.** Die antwoord is dat die H.N.P. „liewer nie op die saak wil ingaan nie'' en indien hulle nou hul lesers daarvan vertel, sal hulle ook aan hulle moet verduidelik **waarom** hulle nie op die aanbod wil reageer nie, **en dit kan hulle nie.** Dus hou hulle hul ondersteuners liewer in die duister omtrent die politieke verwikkelings in hul vaderland!

## GEEN GETUIENIS VIR DINAMIETROOF

### Polisiehoof oor Intimidasie

In sy jaarverslag verwys die Kommissaris van Polisie na die dood van twee manne, L. F. Nel van Bloemfontein en J. C. Lotter van Pretoria. „Die getuienis in verband met albei hierdie moorde skyn daarop te dui dat hulle gepleeg is met die doel om al die mense wat getuienis aflê in gevalle waar persone van ondermynende bedrywigheid aangekla word, te intimideer.''

Die verslag maak verder melding van twee gevalle van dinamietroof in Noord-Transvaal. Die wagte is oorweldig en vasgebind. Negentien lede van die Stormjaer-organisasie is in hegtenis geneem, maar omdat al die getuies geweier het om teen hulle te getuig, kon hulle nie vervolg word nie. Hulle is daarop geïnterneer.

In die parlement het die Minister van Justisie in verband met die dood van Lotter en Nel op 'n vraag geantwoord dat hierdie twee manne getuienis in die hof sou aflê en daarom doodgemaak is.


## Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.**

**Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ....................................

Naam....................................

Adres....................................

(O.B. 7 April 1943)....................................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), A. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

## Helpmekaar

**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**

**Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,**

**JOHANNESBURG**

**Posbus 3512 Foon 22-3512**

# O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydrae tot ons fonds vir hulpverlening aan die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners is aan Die O.B. bekend gemaak:

### KAAPLAND TOT 28 MAART 1943.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 6,419 | 14 | 5 |
| Papendorp Vroue-Kommando .. | 3 | 5 | 5 |
| Vryheidsdag Kollekte Beaufort-Wes Kommando's | 20 | 0 | 0 |
| Tafelberg Vroue-Kommando .. .. | | 2 | 6 |
| Vryheidsdag Kollekte Newton Park P.E. | 8 | 14 | 3 |
| Burgersdorp Kommando .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| Tiervlei Manne-Kommando Maandelikse bydrae | 2 | 12 | 6 |
| Vriend Tulbagh .. .. .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| Vroue-Kom. Werkgeselskap Stellenbosch Maart bydrae | 3 | 7 | 6 |
| Grootbrakrivier M.- en V.-Kom. | 10 | 0 | 0 |
| Penkoppe Joyce en Freda v. d. Merwe, Carnarvon | 1 | 0 | 0 |
| Vryheidsdag Kollekte Prins Albert | 5 | 12 | 6 |
| Vryheidsdag Kollekte Sutherland | 20 | 0 | 0 |
| Vryheidsdag Kol. Middelburg K.P. | 10 | 0 | 0 |
| Vryheidsdag Kol. Grootbrakrivier | 4 | 17 | 6 |
| Vroue-Kom. Mosselbaai .. .. .. | 3 | 14 | 0 |
| Vryheidsdag Kol. Brandvlei .. .. | 11 | 13 | 0 |
| Vryheidsdag Kol. Petrusville .. .. | 1 | 2 | 2 |
| H/Komdt. v. d. Merwe, Kaapstad | | 15 | 0 |
| Veldskoenkring Oudtshoorn .. .. | 1 | 10 | 0 |
| Brandwagte Odendaal en Thatcher, Tylden | 1 | 10 | 0 |
| M.- en V.- Kom. Slagtersnek | 2 | 0 | 0 |
| V.-Kommando Malmesbury Aanvullend Vryheidsdag Kol. | 4 | 5 | 0 |
| Kol. Sangaand Kaapstad .. .. .. | | 13 | 0 |
| Richmond Kommando's .. .. .. | 12 | 0 | 0 |
| Vroue-Kommando Bellville .. .. | 5 | 5 | 6 |
| Kol. Vergadering K.G. Kaapstad | 24 | 0 | 0 |
| Vriend Kaapstad .. .. .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| Vroue-Kommando Worcester .. .. | 2 | 12 | 6 |
| Anvullend Vryheidsdag Kollekte Swellendam | 1 | 17 | 0 |
| Maandelikse Bydrae Bokveld Vroue-Kommando | 1 | 7 | 6 |
| Vryheidsdag Kol. Kamieskroon .. | 2 | 5 | 6 |
| Vryheidsdag Kol. Calvinia M.- en V.-Kom. | 16 | 0 | 0 |
| Calvinia M.- en V.-Kommando's | 4 | 0 | 0 |
| Inkomste Prys-Perd mnr. Botha Somerset-Oos | 4 | 0 | 0 |
| Lys 631 Groote Schuur V.-Kom. | 2 | 15 | 6 |
| Vriendskapsentrum V.-Kom. Malmesbury | 5 | 0 | 0 |
| Malmesbury No. 2 Kommando .. | 3 | 16 | 9 |
| Vryheidsdag Kol. Strydenburg Kom. | 5 | 2 | 6 |
| Vryheidsdag Kol. Prieska Kom. | 12 | 12 | 6 |
| Eensame Brandwag Aurora .. | | 10 | 0 |
| Vryheidsdag Kol. Jansenville Kom. | 11 | 9 | 9 |
| M.- en V.-Kom. Albertinia .. .. | 8 | 10 | 0 |
| Riviersonderend Kommando .. .. | 10 | 10 | 0 |
| Lys 608 Parow V.-Kommando .. | 4 | 14 | 8 |
| Genl. Jurgens Schoeman, Oudtshoorn | 100 | 0 | 0 |
| Veldskoenkring Oudtshoorn .. .. | 1 | 18 | 6 |
| Maandelikse bydrae Vrindin Bellville | | 10 | 0 |
| | £6,799 | 6 | 11 |

### BYDRAE TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN.

In ons uitgawe van 18 Desember 1942, het ons die bedrag van £5 erken onder die naam Vriend, Oudtshoorn. Dit moet wees van mnre. C. J. en E. P. du Plessis, Hazenjacht, Oudtshoorn.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 1,057 | 16 | 2 |
| Kol. by Vergadering van K.G. en A.K.G. in die Groblershoop Hoofkommandantskap .. .. .. | 32 | 9 | 0 |
| H/Genl. D. du P. Scheepers Somerset-Oos | 20 | 0 | 0 |
| Spesiale bydrae Somerset-O. Kom. | 21 | 10 | 0 |
| Vriende Brandvlei Kom. .. .. | 20 | 0 | 0 |
| Spesiale Kol. lyste Porterville K. | 20 | 4 | 0 |
| J. J. A. Kotze Hopefield .. .. | 15 | 0 | 0 |
| J. H. du Toit Hopefield .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| J. J. du Toit Hopefield .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| J. H. Buhr Hopefield .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| H/Genl. Retief, Adjt. Kwartiermeester en 2 vriende Ceres | 40 | 0 | 0 |
| H/Komdte. mevr. Van Zyl V.A.R. Afdeling 2e bydrae | 20 | 0 | 0 |
| H/Komdte mevr. Brink V.A.R. Afdeling | 20 | 0 | 0 |
| H/Komdtskap H. S. Visser Clanwilliam | 6 | 0 | 0 |
| Kommandantskap A. J. Mouton Citrusdal | 10 | 0 | 0 |
| Genl. Barry Lubbe .. .. .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| Oudtshoorn Generaalskap— De Rust en Oudtshoorn | 50 | 0 | 0 |
| | £1,341 | 19 | 2 |

### TRANSVAAL TOT 20 MAART.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 15,337 | 16 | 7 |
| Kwit. Nos.: | | | |
| 2255 B.N.V.K. O. Voorstede .. | 5 | 15 | 0 |
| 2256 Bydraes .. .. .. .. .. .. | 44 | 14 | 10 |
| 2257 14A4 .. .. .. .. .. .. | 3 | 15 | 0 |
| 2258 7C2 .. .. .. .. .. .. | 11 | 7 | 6 |
| 2259 7C2 .. .. .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| 2260 9A7 .. .. .. .. .. .. | 4 | 8 | 5 |
| 2261 9B1 .. .. .. .. .. .. | 5 | 14 | 6 |
| 2262 9C5 .. .. .. .. .. .. | 1 | 4 | 0 |
| 2263 9B7 .. .. .. .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| 2264 Bydraes .. .. .. .. .. | 2 | 2 | 0 |
| 2265 3C4 .. .. .. .. .. .. | 15 | 1 | 6 |
| 2266 3C6 .. .. .. .. .. .. | 5 | 2 | 6 |
| 2267 Bydraes .. .. .. .. .. | 1 | 5 | 0 |
| 2268 3C1 .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| 2269 4C6 .. .. .. .. .. .. | 11 | 5 | 0 |
| 2270 8B4 .. .. .. .. .. .. | 4 | 10 | 3 |
| 2271 14B3 .. .. .. .. .. .. | 1 | 1 | 2 |
| 2272 14B1 .. .. .. .. .. .. | 1 | 1 | 2 |
| 2273 14B4 .. .. .. .. .. .. | 1 | 1 | 3 |
| 2275 8B3 .. .. .. .. .. .. | 15 | 5 | 9 |
| 2276 8B6 .. .. .. .. .. .. | 9 | 5 | 7 |
| 2277 9C1 .. .. .. .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| 2279 7A1 .. .. .. .. .. .. | 5 | 10 | 4 |
| 2280 14C3 .. .. .. .. .. .. | 5 | 10 | 0 |
| 2281 14C6 .. .. .. .. .. .. | 5 | 10 | 0 |
| 2282 6A2 .. .. .. .. .. .. | | 5 | 0 |
| 2282 6A3 .. .. .. .. .. .. | 2 | 6 | 10 |
| 2282 6A4 .. .. .. .. .. .. | | 14 | 0 |
| 2282 6A5 .. .. .. .. .. .. | | 5 | 0 |
| 2282 6B5 .. .. .. .. .. .. | 28 | 3 | 0 |
| 2282 6B7 .. .. .. .. .. .. | 30 | 8 | 6 |
| 2282 6C3 .. .. .. .. .. .. | 18 | 7 | 0 |
| 2282 6C4 .. .. .. .. .. .. | 31 | 15 | 3 |
| 2282 Diverse .. .. .. .. .. | 50 | 9 | 0 |
| 2283 Bydraes .. .. .. .. .. | 6 | 4 | 6 |
| 2284 9B5 .. .. .. .. .. .. | 4 | 10 | 6 |
| 2285 5C1 .. .. .. .. .. .. | 29 | 19 | 1 |
| 2285 5C2 .. .. .. .. .. .. | 30 | 16 | 0 |
| 2285 5C3 en 5C6 .. .. .. .. | 15 | 5 | 3 |
| 2285 5C4 .. .. .. .. .. .. | 9 | 2 | 0 |
| 2285 5C5 .. .. .. .. .. .. | 12 | 17 | 0 |
| 2285 5A1 .. .. .. .. .. .. | 5 | 10 | 6 |
| 2285 5A2 .. .. .. .. .. .. | 8 | 0 | 6 |
| 2285 5A3 .. .. .. .. .. .. | 10 | 17 | 3 |
| 2285 5A4 .. .. .. .. .. .. | 5 | 10 | 0 |
| 2285 5A5 .. .. .. .. .. .. | 8 | 0 | 6 |
| 2285 5A6 .. .. .. .. .. .. | 7 | 1 | 3 |
| 2285 5B1 .. .. .. .. .. .. | 7 | 2 | 8 |
| 2285 5B2 .. .. .. .. .. .. | 7 | 6 | 6 |
| 2285 5B3 .. .. .. .. .. .. | 12 | 10 | 9 |
| 2285 5B4 .. .. .. .. .. .. | 5 | 2 | 0 |
| 2285 5B5 .. .. .. .. .. .. | 3 | 13 | 6 |
| 2285 5B6 .. .. .. .. .. .. | 5 | 15 | 0 |
| 2285 5 .. .. .. .. .. .. .. | | 3 | 5 |
| 2285 Bydraes .. .. .. .. .. | | 2 | 0 |
| 2288 2B1 .. .. .. .. .. .. | 3 | 10 | 6 |
| 2289 14C1 .. .. .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| 2290 14C4 .. .. .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| 2291 2B2 .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 6 |
| 2292 11C2 .. .. .. .. .. .. | 6 | 11 | 1 |
| 2293 9B6 .. .. .. .. .. .. | 3 | 8 | 6 |
| 2294 10C4 .. .. .. .. .. .. | 18 | 7 | 6 |
| 2295 9C3 .. .. .. .. .. .. | 1 | 1 | 3 |
| 2296 9A8 .. .. .. .. .. .. | 1 | 14 | 3 |
| 2297 13A5 .. .. .. .. .. .. | 4 | 18 | 2 |
| 2298 Diverse Amajoebafees .. | 40 | 13 | 10 |
| 2299 Diverse Amajoebafees .. | 3 | 5 | 0 |
| 2300 Diverse Amajoebafees .. | 1 | 2 | 6 |
| 2301 3B2 .. .. .. .. .. .. | 5 | 2 | 6 |
| 2302 1C1 .. .. .. .. .. .. | 23 | 0 | 8 |
| 2303 13B3 .. .. .. .. .. .. | 1 | 19 | 6 |
| 2304 9B6 .. .. .. .. .. .. | 8 | 8 | 6 |
| 2305 8B6 .. .. .. .. .. .. | 1 | 16 | 0 |
| 2306 9A3 .. .. .. .. .. .. | 48 | 10 | 5 |
| 2307 9A6 .. .. .. .. .. .. | 10 | 8 | 5 |
| 2308 14A4 .. .. .. .. .. .. | 3 | 8 | 2 |
| 2309 3C2 .. .. .. .. .. .. | 2 | 10 | 0 |
| 2310 3C2 .. .. .. .. .. .. | | 5 | 0 |
| 2311 7C6 .. .. .. .. .. .. | 9 | 19 | 0 |
| 2313 9B4 .. .. .. .. .. .. | 16 | 2 | 0 |
| 2314 11C5 .. .. .. .. .. .. | 12 | 16 | 9 |
| 2315 11A1 .. .. .. .. .. .. | 19 | 3 | 0 |
| 2316 11A4 .. .. .. .. .. .. | 26 | 10 | 0 |
| 2318 Bydraes .. .. .. .. .. | | 2 | 6 |
| 2319 7B1 .. .. .. .. .. .. | 8 | 7 | 9 |
| 2320 Bydraes .. .. .. .. .. | 90 | 0 | 0 |
| 2321 4C1 .. .. .. .. .. .. | 5 | 7 | 6 |
| 2321 4C2 .. .. .. .. .. .. | 3 | 0 | 0 |
| 2321 4C4 .. .. .. .. .. .. | 8 | 14 | 7 |
| 2321 4C5 .. .. .. .. .. .. | 9 | 7 | 6 |
| 2321 4C6 .. .. .. .. .. .. | 8 | 14 | 8 |
| 2322 4A Amajoebafees .. .. | 3 | 10 | 5 |
| 2322 4A Funksie 5/12/42 .. .. | 31 | 14 | 2 |
| 2322 4A1 .. .. .. .. .. .. | 45 | 3 | 6 |
| 2322 4A2 .. .. .. .. .. .. | 32 | 10 | 0 |
| 2322 4A3 .. .. .. .. .. .. | 3 | 12 | 6 |
| 2322 4A5 .. .. .. .. .. .. | 30 | 0 | 0 |
| 2322 4A6 .. .. .. .. .. .. | 9 | 4 | 6 |
| 2322 4B1 .. .. .. .. .. .. | 7 | 2 | 0 |
| 2322 4B2 .. .. .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| 2322 4B4 .. .. .. .. .. .. | 8 | 10 | 0 |
| 2322 4C2 .. .. .. .. .. .. | 5 | 15 | 0 |
| 2322 4C3 .. .. .. .. .. .. | 6 | 16 | 0 |
| Totaal: | £16,474 | 17 | 8 |

### VRYSTAAT TOT 29 MAART.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 5,340 | 7 | 5 |
| Kommando 1A1 .. .. .. .. .. .. | 4 | 2 | 6 |
| ,, 1C6 .. .. .. .. .. .. | | 18 | 0 |
| ,, 3A3 .. .. .. .. .. .. | 1 | 19 | 4 |
| ,, 3C2 en 3C7 .. .. | 4 | 13 | 6 |
| ,, 3C3 .. .. .. .. .. .. | 10 | 13 | 8 |
| ,, 3C8 .. .. .. .. .. .. | 2 | 12 | 0 |
| ,, 4B3 .. .. .. .. .. .. | 3 | 17 | 6 |
| ,, 4D1 .. .. .. .. .. .. | 2 | 7 | 3 |
| ,, 4D6 .. .. .. .. .. .. | 2 | 1 | 0 |
| ,, 5A1 .. .. .. .. .. .. | 28 | 0 | 0 |
| ,, 5A3 en 5A8 .. .. .. | 9 | 18 | 0 |
| ,, 5A6 .. .. .. .. .. .. | 6 | 15 | 6 |
| ,, 6B6 .. .. .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| ,, 6B8 .. .. .. .. .. .. | | 8 | 0 |
| ,, 6D6 .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| ,, 7A3 .. .. .. .. .. .. | 2 | 11 | 6 |
| ,, 7C1 .. .. .. .. .. .. | 15 | 11 | 9 |
| ,, 7C6 .. .. .. .. .. .. | 5 | 14 | 10 |
| ,, 8B6 .. .. .. .. .. .. | 5 | 15 | 0 |
| ,, 9B6 .. .. .. .. .. .. | | 19 | 0 |
| ,, 9C7 .. .. .. .. .. .. | 50 | 0 | 0 |
| ,, 9E1 .. .. .. .. .. .. | 8 | 19 | 0 |
| ,, 9E3 .. .. .. .. .. .. | 2 | 10 | 0 |
| ,, 11A1 en 11A7 .. .. | 8 | 13 | 0 |
| ,, 11A8 .. .. .. .. .. | 5 | 15 | 6 |
| ,, 12A3 .. .. .. .. .. | 5 | 12 | 6 |
| ,, 12A7 .. .. .. .. .. | 1 | 15 | 0 |
| ,, 12B6 .. .. .. .. .. | 1 | 4 | 6 |
| Spoorweg-dames .. .. .. .. .. | 20 | 0 | 0 |
| Hoofkwartier-staf .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Vriend, Bloemfontein .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Vriend, Bloemfontein .. .. .. | | 15 | 0 |
| Totaal: | £5,559 | 10 | 3 |

## VERBETERING

Daar het weens 'n tikfout, foutiewe syfers in die erkenning van die volgende Noodhulpbydraes plaasgevind: 15 Oktober 1942, kwitansie A 1250 £3-15-6, behoort te wees £13-15-6; 6 November 1942, kwitansie A 1302 £4-0-0, behoort te wees £24-0-0; 14 Desember 1942, kwitansie A 9083, ontvang £29-11-0.

## Vertraagde Erkennings

Weens een of ander vertraging, soos in ons uitgawe van 3 Feb. vermeld, het onderstaande lys van erkennings uit Transvaal ons nooit bereik nie, en ons plaas dit nou. Dit geld die tydperk 12 tot 30 Desember 1942:

| Kwit. Nos.: | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| 1420 4B4 .. .. .. .. .. .. | 7 | 4 | 0 |
| 1421 8A1 .. .. .. .. .. .. | 19 | 5 | 1 |
| 1422 7B1 .. .. .. .. .. .. | 5 | 3 | 6 |
| 1423 3A4 .. .. .. .. .. .. | 1 | 12 | 0 |
| 1424 2C3 .. .. .. .. .. .. | 3 | 16 | 0 |
| 1426 Bydraes .. .. .. .. .. | 9 | 0 | 0 |
| 1427 8C5 .. .. .. .. .. .. | 30 | 0 | 0 |
| 1428 Bydraes .. .. .. .. .. | | 3 | 0 |
| 1429 9C1 .. .. .. .. .. .. | 7 | 0 | 0 |
| 1430 11B3 .. .. .. .. .. .. | 12 | 10 | 6 |
| 1431 11B6 .. .. .. .. .. .. | 12 | 10 | 6 |
| 1432 11C5 .. .. .. .. .. .. | 1 | 8 | 0 |
| 1433 2C4 .. .. .. .. .. .. | 50 | 0 | 0 |
| 1433 2C6 .. .. .. .. .. .. | 12 | 12 | 3 |
| 1433 2C5 .. .. .. .. .. .. | 12 | 4 | 6 |
| 1433 2C1 .. .. .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| 1433 Bydraes .. .. .. .. .. | 30 | 0 | 0 |
| 1434 9A7 .. .. .. .. .. .. | 4 | 6 | 6 |
| 1435 13C5 .. .. .. .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| 1436 9A3 .. .. .. .. .. .. | 22 | 10 | 0 |
| 1437 3C4 .. .. .. .. .. .. | 6 | 12 | 6 |
| 1438 14A2 .. .. .. .. .. .. | 30 | 0 | 0 |
| 1439 13A5 .. .. .. .. .. .. | 4 | 1 | 5 |
| 1440 9B7 .. .. .. .. .. .. | 3 | 7 | 0 |
| 1441 Bydraes .. .. .. .. .. | 4 | 19 | 3 |
| 1442 Bydraes 3 .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| 1443 Bydraes 3 .. .. .. .. | 210 | 10 | 2 |
| 1444 Bydraes 3 .. .. .. .. | 9 | 18 | 0 |
| 1445 Bydrae .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| 1446 5 .. .. .. .. .. .. .. | 333 | 0 | 0 |
| 1447 V.A.R. .. .. .. .. .. | 6 | 6 | 0 |
| 1448 8B4 .. .. .. .. .. .. | 7 | 2 | 6 |
| 1449 3 .. .. .. .. .. .. .. | 56 | 2 | 6 |
| 1450 7A1 .. .. .. .. .. .. | 9 | 4 | 9 |
| 1452 11C5 .. .. .. .. .. .. | 1 | 4 | 6 |
| 1453 13B4 .. .. .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| 1454 Bydraes .. .. .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| 1455 9B5 .. .. .. .. .. .. | 3 | 0 | 0 |
| 1456 13A5 .. .. .. .. .. .. | | 12 | 0 |
| 1457 9A6 .. .. .. .. .. .. | 5 | 1 | 3 |
| 1458 10B2 .. .. .. .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| 1459 8B5 .. .. .. .. .. .. | 10 | 7 | 6 |
| 1461 Bydraes .. .. .. .. .. | 6 | 0 | 0 |
| 1462 Bydraes .. .. .. .. .. | 5 | 16 | 0 |
| 1463 Bydraes .. .. .. .. .. | 20 | 0 | 0 |
| 1464 13B .. .. .. .. .. .. | 5 | 16 | 0 |
| 1465 13C2 .. .. .. .. .. .. | 5 | 4 | 8 |
| 1466 9C5 .. .. .. .. .. .. | | 18 | 0 |
| 1467 8A2 .. .. .. .. .. .. | 18 | 11 | 10 |
| 1468 Bydraes .. .. .. .. .. | 10 | 1 | 0 |

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid*

*en*

*Lewenskrag*

**Gebruik**

**LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP**

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—

DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

*'n LEVER Produk*

**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

**SASBANK**

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

## TE KOOP

**UIESAAD.** — Eersteklas uiesaad teen 8/6 per pond K.M.B. Gelewer op Botrivierstasie. Geel Kaapse uie gebaster met Spaanse bruin uie. Bestel by kweker: **Mnr. A. A. Roux, Hermanusrivier, P.K. Botrivier.**

LEKKER Boer-pampoene gelewer op Toverwater Sylyn, teen 7/6 per streepsak vol. Ook Kromnek Salonse teen 10/-. Regstreeks van die Boer. **Nico Barnardt, Toverwater,** pos. **Uniondaleweg.**

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

**VAN DER MESCHT:** Aan Korporaal en mev. v. d. Mescht 'n fris O.B.-dogter op 3 Maart, te Butterworthweg 80, Port Elizabeth.

**MAREE:** Aan Asst. Veldkt. en mev. D. A. Maree, 'n fris klein Brandwaggie op 9 Februarie 1943.

**MYBURGH:** Aan Veldkt. en mev. J. Myburgh, 'n fris O.B.-seun, op 1 Maart 1943. Naas die Heer dank ons mevvr. de Vries en Brits.

### VERLOWING

**LOUBSER—OLIVIER:** Die verlowing word bekend gemaak van Helene, dogter van mnr. en mev. H. Olivier, Die Heuwel, Oudtshoorn, en Pieter, seun van mev. P. E. Loubser, Kloofstraat, Paarl.

**MOSTERT — FICK:** Die verlowing word bekend gemaak van mej. Collie Mostert, oudste dogter van mnr. en mev. (Hoofkommandante) Mostert van Happy Rest, Transvaal, en Ds. J. J. Fick van Germiston-Suid.

### HUWELIK

**Hoofkomdt. en mev. H. S. Bosman,** wens hiermee aan alle vriende en belangstellendes bekend te maak dat hulle op Saterdag, 3 April, te Kaapstad in die huwelik getree het. Die Bruid, Charlotte, is 'n dogter van wyle mnr. en mev. J. C. Gie, van Rietvlei en die Bruidegom die oudste seun van prof. en mev. A. M. Bosman van Pretoria.

### DANKBETUIGING

Mev. Danie Strydom en familie van Reitz, betuig hiermee hulle opregte dank aan vriende en belangstellendes vir die blyke van deelname en simpatie in hulle droewige verlies.

Ek, die ondergetekende, wil graag deur middel hiervan my baie O.B.-vriende hartlik bedank vir die hulp en bemoedigende woorde gedurende my siekte. Onder andere wil ek spesiaal Kommandant Heroldt baie hartlik bedank vir sy vertroostende en bemoedigende woorde. U mede O.B.-lid, **mev. A. C. Grobler, Haylaan 173, Brakpan.**

### AANDAG ! ! !

Vir die beste resultate stuur u pluimvee en droë bone na die gevestigde firma, **Eikenhof Markagentskap, Möremark, Newtown.** Ons voorsien ook vrugte en groente teen laagste pryse. **K.B.A. Wolhuterstraat 58, Newtown, Johannesburg.**

### BENODIG

**ONDERWYSERES** vir 3 kinders, **I, II, III,** Goewernementstelsel. Salaris £7 per kwartaal. Vry inwoning. Begin 27 April. Rig applikasies aan: **A. Prinsloo, Dresden, Paul Roux.**

### ONMIDDELLIK BENODIG

JONG dogter van 18 tot 20 jaar as hulp vir huishoudster op plaas naby Kaapstad. Versorging van 2 of 3 persone. Nie-blankes ook in diens. Aanvangssalaris £3 per maand met verhoging, en alles vry. Rig applikasies en getuigskrifte aan: **Mev. van Zyl, Uitkamp, Durbanville. Foon 29.**

### GEVRA

VRIENDELIKE Afrikaner-dame van omtrent 25 jaar, om behulpsaam te wees met algemene huiswerk in 'n klein huisgesin. 'n Gekleurde is in diens. Salaris £3 per maand. Resente getuigskrifte van ondervinding is wenslik. Meld wanneer dienste aanvaar kan word. Appliseer by **mev. M. Smuts, Middagkrans, Franschhoek, Kaapland.**

### TE KOOP

**KAROO KRAALMIS.** — Vry gelewer in Natal stasies; 32/- per ton van 12 sakke. Monsters kan op aanvraag gestuur word. K.M.B. Skryf aan: **C. J. Lourens, Kerkplein, Prieska.**

EERSTEKLAS tafelaartappels, asook 'n hoeveelheid moere. Almal Arran Chief. Gelewer op George-stasie teen 9/- per sak. K.M.B. Bestel van: **H. G. Terblanche, Morgenson, P.K. Molendrift, George.**

**SAAD-AARTAPPELS.** — Mooi Arran Chief okkerneut- en eiergroot moere te koop teen 10/-. Kontant met bestelling. Op Kleinbrak-stasie gelewer. **Thinus Terblanche, Dagbreek, Gonnakraal.**

**O.B. HOU KOERS!!!**

**TAFELAARTAPPELS.** — Goeie kwaliteit teen 11/6 per sak. Arran Chief moere, eiergrootte, reg om te plant teen 9/6 per sak en okkerneutgrootte teen 7/6 per sak — K.M.B. of K.B.A. — gelewer Groot Brakrivier-stasie. **Wilcocks Terblanche, Groot Sorgfontein, Groot Brakrivier.**

**DRUIWE UIT HEKSVALLEI:** Koop direk van die boer. Terme:— 2/9 per 10lb. platkissie; Bestellings van 5 of meer 2/3 elk. Vry op spoor Sandhills-stasie; Kontant met bestelling. Druiwe beskikbaar tot 15 Mei. **T. J. de Villiers, P.K. Sandhills-stasie, K.P.**

**TAFELAARTAPPELS.** — Beste kwaliteit tafelaartappels, 13/6 per sak 153 lbs. V.O.S. Bethlehem. Tevredenheid gewaarborg. **S. W. Rabie, Kommandant, Bethlehem.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.